***Die val van die geeste, die val van Adam en die erfsonde***

**224** "Die val van die eersgeskape geeste, oftewel van die vrye en tot lewe gebragte idees van Elohim in die eindelose ruimte, is die groot skeiding waarvan Moses sê: 'Toe skei Elohim die lig van die duisternis!' Hoe dit egter verstaan moet word in die ware sin van die goeie en korrekte ooreenkoms, het ek julle almal reeds voldoende aangetoon. Die gevolg daarvan - die noodsaaklike materiële wêreld, wie se groot en klein dele soos sonne, aardes en mane en alles wat daarin en daarop is - is toe in die eindelose ruimte verstrooi.

[2] Die 'val van Adam', is egter al `n meer feitelike gebeurtenis as die sogenaamde 'Val van die engele', maar is daarby, betreffende ooreenkoms, tog homogeen met die val van die engele. Slegs by die 'val van Adam' het daar egter al `n positiewe wet te voorskyn gekom, terwyl by die val van die engele daar nog lank geen wet in geding kon gewees het nie, omdat toe eers met die groot ontwikkeling van die wesens wat vrygemaak moes word, begin is, en dat daar buite Elohim nog nie sulke verstandelike vermoëns bestaan het aan wie `n mens `n positiewe wet kon gee nie.

[3] Daarom vind daar tydens die sogenaamde 'Val van die geeste' ook `n noodsaaklike en gedwonge skeiding plaas, terwyl die adamitiese skeiding, omdat dit deur homself veroorsaak was, vry was en sodoende geen dwang nie, maar meer `n vrye handeling van die eerste vleeslike mens wat in alle sfere van die siel reeds vry was. In die geheel is dit tog ook `n handeling wat vooraf voorsien was volgens die geheime orde van Elohim, wat weliswaar nooit as `n absolute noodsaak nie, maar tog as `n toelating onder 'jy sal' en 'jy sal nie' vanweë die vrye wil van die mens gegee word om homself deur eie handeling te versterk.

[4] Die verskil is soos die geval van `n mensekind wat sy eie voete nog nie kan gebruik nie en daarom van die een plek na die ander gedra moet word deur `n gesonde man wat al lankal baie goed en vinnig kan loop.

[5] Wie egter eenmaal self kan gaan, die hoef mens tog nie meer soos `n pasgebore baba na `n plek te dra wat `n mens met die kind en vir die kind wil bereik nie, maar `n mens wys hom die vinnigste en sekerste pad na die plek van bestemming. As die mens wat gesond is en op stewige voete staan die weg wil loop, dan sal hy die doel ook veilig en sonder gevaar bereik. As hy egter vrywillig met ompaaie wil gaan, nou, dan het hy dit aan homself te wyte as hy die beoogde doel dikwels baie later, moeiliker en moeitevoller bereik.

[6] En dit sien ons dan ook by Adam. As hy die positiewe bevel nagevolg het, sou die mensdom, respektiewelik die volmaakte siel van die mens, nie **die baie harde, swaar en gebrekkige vleeslike liggaam gekry het** wat nou met baie erge gebreke behep is nie.

[7] Maar die ongehoorsaamheid teen die positiewe gebod het die eerste mens noodsaaklikerwys op `n groot ompad gebring, waarop hy nou die doel baie moeiliker en baie later sal bereik.

[8] Jy dink weliswaar by jouself: 'Sjoe, hoe kan `n klein, slegs morele voorskrif om gehou te word of nie, op die gesamentlike natuur van die mens nou so `n wesenlike invloed hê? Adam sou sonder die dom genot seker net so goed die vleeslike Adam gebly het as wat hy die deur die genot van die appel geword het, en hy sou eenmaal seker net so goed vleeslik moes sterwe soos wat dit nou nog met alle mense die geval is!'

[9] Aan die een kant het jy wel gelyk, maar aan die ander kant ook ongelyk. Die genot van `n appel, wat `n gesonde en soet vrug is, is sekerlik nie dodelik nie, want anders sou alle mense wat nou appels eet, spoedig daarna sterwe. Dus aan die appel self skort weinig of niks nie. Maar as hy vir ‘n onbepaalde tyd nie geëet mag word nie, wat dan slegs bedoel is ter verdere verstewiging van die siel, en die siel egter, bewus van haar vrye wil, die voorskrif minag en oortree, dan veroorsaak sy in ‘n sekere sin `n deurbraak in haar wese, en dít lyk dan na `n oop wond, wat moeilik heeltemal te genees is. Want ook al word die wond `n litteken, dan word deur die littekenvorming tog `n aantal vate so beknel dat die lewensappe van die siel nie goed daar kan sirkuleer nie en op die plek van die litteken steeds `n onbehaaglike, pynlike druk uitoefen.

[10] Daardeur word die siel daarvan weerhou om vernaamlik vir die vrye ontwikkeling van die gees in haar te sorg, en sy skenk nou die grootste deel van haar aandag om die litteken te laat verdwyn – Nouja, daardie litteken heet 'wêreld'!

[11] Die siel doen voortdurend moeite om van die litteken ontslae te raak; want dit maak die siel sorglik, dit wil sê dit gee haar wêreldse sorge. Maar hoe meer die siel haar afsloof, hoe ruwer word die litteken, en hoe ruwer dit word, hoe meer sorge veroorsaak dit. En die siel kan uiteindelik niks anders meer doen as net om haar maar met die genesing van die ou litteken besig te hou nie, dit wil sê, om haar sorgeloos te maak. Sy word uiteindelik byna heeltemal één met die litteken en bekommer

haar dan maar weinig oor haar gees. - En kyk, dit is die sogenaamde 'erfsonde'"

***Die mag van erflikheid***

**225** "'Hoe kan dit egter erflik wees?' – kan `n mens vra. O, baie maklik, veral by die organiese sielvorming. Wat sy eenmaal opgeneem het, kan sy duisende jare behou as dit nie deur die gees in haar weer heeltemal in orde gebring word nie. Kyk eers na die tipe mense binne `n volk! As Ek julle nou die gestalte van sy oerstamvader laat sien, sal julle almal baie gou beaam dat daar `n belangrike ooreenkoms bestaan met al sy nakomelinge. As die stamvader `n goeie en meelewende man was en sy vrou ook, dan sal daarna, op `n paar uitsonderinge na, daardie hele volk meelewender en beter wees as `n volk met `n opvlieënde, trotse en heerssugtige stamvader.

[2] As `n geringe, uitwisbare trek van `n oerstamvader fisies en moreel nog na `n paar duisend jaar by al sy nakomelinge baie goed te herken is, hoeveel te meer dan `n karaktertrek van die eerste mens op aarde in al sy nakomelinge. Want sy siel was in die begin baie ontvankliker en daardeur baie gevoeliger as die latere siele, by wie die merkteken van die vader, dadelik by die verwekking, in die stroom van die lewensaad ingeprent word, en vervolgens op die natuurlike weg nie meer uitgewis of selfs vernietig kan word nie. Jammer genoeg vervorm daardie litteken die siel baie, en Elohim het altyd alles aangewend om `n siel self die moontlikheid te gee om daardie kwade litteken vir altyd te laat verdwyn. Maar dit wou tot op hede nie so baie goed slaag nie, en Ek het nou Self daarvoor na hierdie aarde gekom om daardie ou onaangename litteken uit te wis.

[3] En Ek sal dit ook uitwis; maar dit sal gebeur deur die talle wonde wat in My liggaam geslaan word. Dit kan julle egter nou nog nie verstaan nie. As dit sover gekom het, sal julle dit óók verstaan, en die Heilige (Aparte) Gees van alle Waarheid sal julle dan daarby in alle Wysheid lei.

[4] Julle het tog ook in Moses gelees hoe hy praat oor die vloek van JaHWeH oor die aarde, en dat daar staan: 'In die sweet jou aanskyn sal jy verder jou brood verdien!' En dan staan daar oor die aarde ook dadelik na die vloek: 'Dorings en distels sal jy dra.'

[5] Kyk, as jy dit letterlik sou wou neem volgens wat die woorde weergee, dan sou jy, tenminste as dit ook werklik so letterlik bedoel was, die volste reg gehad het om Elohim van `n domheid te beskuldig! Maar so `n uitspraak moet maar alleen sielkundig (psigies) en eintlik geestelik opgevat word, verval die beskuldiging self. Die mens is altyd self daarvoor verantwoordelik as sy bestaan moeiliker word, soos wat hy dit ook aan homself te wyte het as daar in `n bepaalde land die oes dikwels slegter is as wat dit normaalweg sou moes wees, want die weersgesteldheid hang nie heeltemal van die wil van Elohim af nie, maar ook van die wil van die mens.

[6] As `n siel eers eenmaal in haarself heeltemal bewus is en met die gebruik van haar verstand sover kom dat sy in haarself die orde van Elohim goed kan sien en herken, dan moet sy vervolgens ten behoewe van haar verstewiging self handelend begin optree volgens die orde van Elohim wat in haar bestaan en herken kan word. Doen sy dit egter op `n bepaalde punt nié, maar laat sy dit na, of doen sy in die plek daarvan iets heeltemal teenoorgesteld, dan is dit duidelik dat sy haar op daardie betreffende punt `n skade toebring wat nie maklik uitwisbaar is nie. Uit haarself kan sy haar nooit weer daarvan bevry nie, omdat die gevolg is dat haar werksaamheid min of meer in die war raak. En in die loop van tyd ontstaan daaruit vanself steeds meer beperkinge van die siel, soos: allerlei blindheid, domheid, onverstandigheid, swak begripsvermoë, vrees, moedeloosheid, treurigheid, angs, ergernis, toorn, woede en uiteindelik selfs vertwyfeling.

[7] Wel, dit is nou die 'dorings' en 'distels', wat die 'aarde', dit wil sê die verminderde verstandelike vermoëns van die siel self in haar laat opgroei het, as parasiete op die origens gesonde takke van die bome!

[8] Die 'vloek van Elohim' is niks anders nie as die geskenkte verhelderde insig aan die siel wat haarself bederf het, dat sy haar in werklikheid self in weerwil van die orde bederf het, en dat sy daarom slegs deur eie skuld verder haar brood in die sweet van haar aangesig sal moet soek.

[9] En die 'sweet van die aangesig' is niks anders as die alreeds besproke sorge-litteken van die siel nie, wat sy haarself deur die genot van die Mosaïese appel toegebring het; iets wat sy ook baie goed kon vermy het."